

Hoofstuk 10: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

10.1 Inleiding

Bevindinge en aanbevelings wat hieronder beskryf word, word enersyds afgelei uit die literatuurstudie en andersyds uit die empiriese ondersoek. Die navorser het met verloop van die navorsingsondersoek as gevolg van genoemde twee studiewyses tot sekere gevolgtrekkings gekom en sekere menings gevorm wat hieronder vervat sal word. Hierdie siening berus ook in wese op die navorser se praktykervaring en teoretiese kennis van maatskaplike werk.

10.2 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van die studie was om 'n spelterapieprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, te ontwikkel, te implementeer en te evalueer. Alhoewel dit 'n tydsame studie was, was die navorser in staat om die doelstelling te bereik, deur die doelwitte van die studie met deursettingsvermoë stapsgewys deur te voer, soos bespreek sal word onder punt 10.3.

10.3 Doelwitte van die studie

Die navorser het doelwitte ontwikkel om die rigting van die ondersoek te lei. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

10.3.1 Om 'n teoretiese raamwerk op te bou

Die navorser het begin deur die adolessent se normale ontwikkeling breedvoerig te bespreek in hoofstuk twee. Indien terapeutiese dienste aan die adolessent gelewer word, moet die terapeut bekend wees met die adolessent se ontwikkelingsstake en normale ontwikkeling ten einde te kan bepaal of die seksuele misbruik die adolessent se ontwikkeling en funksionering beïnvloed het. Daarna het die navorser in hoofstuk drie gefokus op die impak wat seksuele misbruik op die adolessent kan hê en hoe dit die adolessent se funksionering kan beïnvloed. Die terapeut moet nie net tydens

aanvang van terapie nie, maar wel deurlopend deur die terapeutiese dienslewering die impak van seksuele misbruik op die adolessent assessee.

In hoofstuk vier het die navorser spesifiek speltherapie vanuit die gestaltbenadering bespreek aangesien dit die grondslag gevorm het vir die ontwikkeling van die speltherapieprogram. In hoofstuk vyf het die navorser gefokus op beginsels en vaardighede wat toegepas moet word tydens terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is en in hoofstuk ses is die toepassing van die speltherapieprogram beskryf. Die navorser is dus van mening dat 'n volledige teoretiese raamwerk opgebou is en dat hierdie doelwit bereik is.

10.3.2 Om 'n kritiese ondersoek te doen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is

Die navorser het, as vereiste vir die M.A. (M.W.) Speltherapiekursus reeds navorsing gedoen en 'n skripsie voltooi met die tema: "Die effek van speltherapie op die selfbeeld van die Kleurlingkind wat seksueel misbruik is." Aangesien die navorser die afgelope vyf en 'n half jaar spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, bestudeer die navorser op 'n deurlopende basis vaktydskrifte, boeke, verhandelinge, proefskrifte en programme wat die probleem van seksuele misbruik aanspreek en woon werksinkels by ten einde potensieel bruikbare elemente te identifiseer wat die navorser in praktyk kan toepas. Die navorser het tydens die soektog onder andere die volgende bruikbare boeke en riglyne gevind aan wie die navorser graag erkenning wil gee:

- Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Fichardtpark: Drufoma.
- Britz, L. 2003. *'n Intervensiemodel vir die middelkinderjare kind wat seksueel misbruik is*. D.Phil. Universiteit van Pretoria.
- Carter, L. 2002. *A teens guide to overcoming sexual abuse: It happened to me*. New Harbinger Publications: Oakland.
- Chapman, G. 2000. *The five love languages of teenagers*. Chicago: Northfield Publishing.

- De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emotional Intelligence: A practical guide for parents and teachers*. Cape Town: Human & Rosseau.
- Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counselling Children: A Practical Introduction*. Second Edition. London: SAGE Publications.
- Gil, E. 1996. *Treating abused adolescents*. New York: Guilford Press.
- Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: activities with children and adolescents*. Leicester: British psychological society.
- Karp, C.L., Butler, T.L. & Bergstrom, S.C. 1998. *Treatment strategies for abused adolescents – from victim to survivor*. California: SAGE Publications.
- Knauer, S. 2000. *No ordinary life: Parenting the sexually abused child and adolescent*. Springfield: Charles C Thomas Publishers.
- Redgrave, K. 2000. *Care-Therapy for children*. London: Continuum.
- Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.
- Sher, B. 1998. *Self-esteem games. 300 Fun activities that make children feel good about themselves*. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Stallard, P. 2002. *Think good – Feel good: A cognitive behaviour therapy workbook for children and young people*. England: John Wiley & Sons, LTD.
- Williams, M.B. 2002. *The PTSD workbook: Simple, effective techniques for overcoming traumatic stress symptoms*. Oakland: New Harbinger Publication.

Die navorser is dus van opinie dat hierdie doelwit bereik is deurdat die navorser 'n kritiese ondersoek gedoen het na bestaande intervensieprogramme vir adolessente wat seksueel misbruik is en bruikbare elemente daagliks in praktyk toepas.

10.3.3 Om 'n spelterapiëprogram vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te ontwikkel

Soos bespreek onder punt 10.3.2 het die navorser 'n kritiese ondersoek gedoen na bestaande intervensieprogramme vir adolessente, bruikbare elemente van verskillende programme is geïdentifiseer, nuwe tegnieke is ontwikkel en 'n volledige spelterapiëprogram vir dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, is ontwikkel. Aangesien die navorser daagliks met adolessente wat

seksueel misbruik is werk en 'n volledige ondersoek ingestel het na hoe seksuele misbruik die adolessent se funksionering kan beïnvloed, het die navorser gepoog om tydens die ontwikkeling van die speltherapieprogram bruikbare aktiwiteite saam te stel wat gebruik kan word tydens dienslewering aan die adolessente dogter wat seksueel misbruik is.

Die navorser het die aktiwiteite van die speltherapieprogram onderverdeel volgens Finkelhor & Browne (1986:185) se model, wat 'n werkswyse voorsien waarop die waargenome gevolge van die seksuele misbruik georganiseer en geteoretiseer kan word. Sien punt 3.2 vir 'n volledige uiteensetting van die model. Soos bespreek is in hoofstuk ses is terapie nie soos 'n resep wat net gelees en gedoen kan word nie, aangesien elke individu anders geaffekteer kan word deur die seksuele misbruik en die terapeut en die adolessent bring ook elkeen unieke eienskappe na die speelkamer. Die navorser het die speltherapieproses in ses fases onderverdeel, (fase 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding, fase 2: Hulpeloosheid, fase 3: Verraad, fase 4: Stigmatisasie, fase 5: Traumatiese seksualisering en fase 6: Terminering) en het onder elke fase verskeie aktiwiteite aanbeveel wat tydens aanvang, gedurende die proses en tydens terminering gebruik kan word.

Aangesien die impak van seksuele misbruik op elke adolessent verskillend kan wees, is dit nie nodig dat die program soos 'n boek van voor tot agter deurgewerk word nie, maar die terapeut kan wel die geskikte speltherapieaktiwiteite selekteer soos dit aan die adolessent se behoeftes voldoen. Dit kan ook soms gebeur dat die terapeut 'n spesifieke aktiwiteit voorberei het, maar dan moet verander na 'n ander aktiwiteit soos dit voldoen aan die adolessent se voorgrondbehoefte. Die navorser probeer ook telkens die adolessent se voorgrondbehoefte by die spesifieke aktiwiteit inwerk.

Die navorser is dus van opinie dat hierdie doelwit bereik is, aangesien die navorser 'n speltherapieprogram ontwikkel het deur bestaande programme te ondersoek, bruikbare elemente te identifiseer en met behulp van praktykervaring is ook nuwe terapeutiese aktiwiteite ontwikkel. Die speltherapieprogram is ook in Engels, Afrikaans en Xhosa vertaal en sodoende is terapeutiese dienste aan die respondente in hulle taal van voorkeur voorsien. PATCH se Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa, het

die navorser bygestaan tydens dienslewering aan die Xhosa respondente en het as tolk opgetree wanneer dit nodig was.

10.3.4 Om die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is, te implementeer

Die navorser het skriftelike toestemming van die Direksie van PATCH gekry dat die navorsing wel by PATCH uitgevoer mag word. Die navorser het van die speelkamers by PATCH se kantore in Somerset-Wes, Rusthof, Lwandle, Nonzamo, Sir Lowry's Pass en Macassar vir die sessies gebruik gemaak. Elke respondent is een keer 'n week of elke tweede week, vir 'n sessie van 'n uur lank gesien. Daar was geen kostes aan verbode nie. Die spelterapieprogram is met elke respondent individueel geïmplementeer. Die intervensie het oor ongeveer nege maande tot 12 maande met elke respondent gestrek, afhangende daarvan of die respondent weekliks of elke tweede week gesien is, of soos dit aan die behoefte van die respondent voldoen het. Die empiriese navorsing het tussen Februarie 2004 en Januarie 2006 plaasgevind.

Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie verkry is, het adolessente dogters (13-17 jarige ouderdom) van drie verskillende etniese groepe, wat seksueel misbruik is en wat terapeutiese dienste by PATCH ontvang, ingesluit. Kinders wat geselekteer is vir die studie het nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie. Die navorser is 'n maatskaplike werker by PATCH en het self die respondente, vanuit haar gevallelading selekteer. Die navorser het steekproeftrekking gedoen wat op 'n nie-waarskynlikheidseleksie berus. Die navorser het 15 respondente by wyse van doelgerigte steekproefneming geselekteer en wel vyf respondente respektiewelik vanuit die etniese groepering Xhosa, blank en Kleurling. 'n Doelgerigte steekproefneming is gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat die navorser 'n steekproef saamstel uit persone wat volgens die navorser se oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (Strydom & Venter, 2002: 207). Die volgende kriteria was vir die keuse van die respondente benut, naamlik:

- Seksueel misbruikte adolessente dogters,
- Tussen dertien en sewentienjarige ouderdom,

- Die respondente moet alreeds die seksuele misbruik onthul het,
- Die seksuele misbruik moet nie langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het nie,
- Die respondente moet nie met meer as vier jaar in ouderdom van mekaar verskil nie,
- Respondente moet van verskillende etniese groepe wees, naamlik Xhosas, blankes en Kleurlinge,
- Die respondente moet terapeutiese dienste by PATCH ontvang en is vanaf Februarie 2004 geselekteer.

Na seleksie is skriftelike toestemming van die respondente en ouer(s) van die potensiële respondente verkry, voordat hulle by die navorsing betrek is. Die navorser het geen probleme ervaar met die selektering of voltooiing van die terapeutiese proses met die Kleurling respondente nie.

Die navorser het probleme ervaar om met vyf Xhosa respondente die hele terapeutiese proses te voltooi. Twee van die respondente se ouers het gedurende die terapeutiese proses besluit om die kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en die navorser moes noodgedwonge weer twee ander respondente selekteer. Die navorser het met nege Xhosa respondente begin werk en het die hele terapeutiese proses met vier suksesvol voltooi. Die vyfde respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy nie verkrag is nie, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy toestemming vir seksuele omgang gegee het. Aangesien dit 'n realiteit is wat hom voordoet in praktyk, het die navorser besluit om haar steeds as een van die gevallestudies te bespreek. Die navorser het ook probleme ervaar met stiptelikheid deurdat baie van die Xhosa respondente of te vroeg of te laat vir hulle sessies opgedaag het.

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente. Alhoewel daar wel blanke dogters tussen 13 en 17jarige ouderdom na PATCH verwys is, het twee van die dogters nie aan die kriteria vir die keuse van respondente voldoen nie, aangesien die seksuele misbruikvoorvalle langer as vier maande voor die verwysing na PATCH plaasgevind het. Drie ander blanke adolessente het nie belang

gestel om aan die navorsing deel te neem en by langtermyn terapie in te skakel nie en een ander blanke adolessent moes beveilig word en is in veiligheid buite PATCH se diensarea geplaas. Die navorser is van mening dat geheimhouding en onderaanmelding 'n probleem is met blanke slagoffers van seksuele misbruik. Die navorser het ook gevind dat tydens dienslewering aan die blanke adolessente, dat hulle ouer(s) self deurlopend ook die navorser kom sien het vir individuele sessies.

Die navorser het weereens tydens die implementering van die spel terapieprogram besef dat terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is, tyd verg. Van die ouers van die adolessente het baie keer ongeduldig geraak (ook weens beperkte tyd, werksdruk en druk daaglikse programme) met die adolessente se wisselende gemoedstoestande, omdat die adolessente lank met sekere aspekte geworstel het of dit bevraagteken het weens die seksuele misbruik asook met ander normale ontwikkelingstake. Die navorser het dus telkens in sulke gevalle adolessensie as lewensfase, (soos bespreek is in hoofstuk twee), met die ouers bespreek ten einde hulle begrip vir die adolessente se gedrag te verhoog.

Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32). Volgens Piaget begin die kapasiteit vir abstrakte denke vanaf ongeveer elfjarige ouderdom en noem hierdie fase die formeel-operasionele fase. Piaget glo dat die veranderinge in kognitiewe vermoëns na 'n selfondersoek en identiteit-soektog by adolessente lei. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hul nou is en wie hul gaan wees (Gil, 1996:32). Die adolessent se morele besluitneming verander van gevolge tot intensies. Die adolessent neem dus die ander persoon se onderliggende motiewe en intensies in ag ten einde te bepaal of die persoon verkeerd is. Adolessente oorweeg dus meer moontlikhede in probleemoplossing en dink logies en buigbaar.

Die navorser het dus gedurende die terapeutiese proses saam met die adolessent ondersoek ingestel na gegewens, 'n aantal hipoteses oor moontlike oplossings gestel en sekere afleidings gemaak. Die adolessent is in staat om sowel die logiese verhouding tussen hipoteses as die feitlike verhouding tussen 'n hipotese en 'n

empiriese of werklike gegewe te oorweeg (Smith & Cowie, 1993:336). Daar is deurgaans gelet op moontlike herhalende temas wat dan ook in die gevallestudies bespreek is. Indien die terapeut langtermyn terapie aan die adolessent lewer, sal die adolessent later gemaklik voel om normale ontwikkelingskrisisse met die terapeut wat sy vertrou te bespreek, veral wanneer dit kom by verhoudings. Een van die belangrikste take van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm.

Die studie het dus baie tyd geveer, maar die navorser was daartoe in staat om die doelwit te bereik deur die speltherapieprogram met adolessente dogters van verskillende etniese groepe (Xhosa, Kleurling en blank) wat seksueel misbruik is, te implementeer.

10.3.5 Om die impak van die speltherapieprogram te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank

Die oogmerk van hierdie studie was om intervensienavorsing te doen. As 'n vorm van toegepaste navorsing is intervensienavorsing daarop gerig om lig te werp op of moontlik oplossings vir praktiese probleme te voorsien. Die navorser het van Creswell (1994:177-178) se gemengdemetodologie-ontwerpmodel gebruik gemaak wat die hoogste graad van gemengde paradigmas verteenwoordig.

Die navorser het die A-B-A-A enkelstelselontwerp toegepas met drie verskillende etniese groepe, naamlik Kleurlinge, blankes en Xhosas. Die A verteenwoordig die voor-meting, die B stel die intervensie voor en die laaste twee A's dui op twee na-metings. 'n Gestandaardiseerde metingskaal, vir die meting van die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is voor en na toepassing van die speltherapieprogram deur vyftien respondente (vyf van elke etniese groep) voltooi, waarna die berekening daarvan deur die navorser self gedoen is. 'n Voorbeeld van die gestandaardiseerde metingskaal, die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, is aangeheg as bylaag 4. Die navorser het

drie maande na die na-meting 'n opvolgonderhoud met die adolessent en ouer(s) gevoer, ten einde die effek van die speltherapieprogram drie maande na terminering te monitor.

Die navorser het ook van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevallestudie, gebruik te maak. Die ondersoek en beskrywing van die respondent het plaasgevind deur in-diepte-data-insamelingsmetodes, naamlik onderhoude en respondentwaarneming. Die navorser het tydens die speltherapie sessies die respondent waargeneem, veldnotas gemaak en het elke sessie beskryf met behulp van verslagskrywing. Die navorser het ook 'n semi-gestruktureerde onderhoud aan die hand van 'n onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die adolessent wat seksueel misbruik is, gevoer, voor en na afloop van die navorsing. Die onderhoudskedule is aangeheg as bylaag 5. Afdeling A van die onderhoudskedule is net tydens die basislynfase gebruik, maar afdeling B is in beide die basislynfase en opvolgfases gebruik. 'n Onderhoudskedule is 'n vraelys wat geskryf is om die onderhoud te rig (Greeff, 2002: 302). Dit forseer dus die navorser om te dink oor wat sy hoop, gedek sal word tydens die onderhoud.

Die vyf voortoetse van die vyf Kleurling respondente het daarop gedui dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Almal se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die vyf natoetse het daarop getoon dat al vyf respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vyf Kleurling respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vyf respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 39.8% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 25.8%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vyf respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 33.6% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 20%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vyf die Kleurling respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamikatellings het

individueel verbetering getoon. Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die spelterapiëprogram die Kleurling respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die voortoets van die Xhosa adolessent wat later tydens die terapeutiese proses erken het dat sy nie verkrag is nie, maar toestemming gegee het en dat die beweerde oortreder haar kêrel is, se selfpersepsie en trauma-dinamikatelling het reeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie 'n behoefte op verbetering is nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Sy het dus nie die seksuele omgang met haar kêrel as traumaties ervaar nie en haar selfpersepsie was nie daardeur geaffekteer nie.

Die voortoets van een van die Xhosa-respondente het reeds voor intervensie daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Die drie voortoetse van die ander drie Xhosa-respondente het daarop gedui dat al drie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Die drie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Die vier natoetse van die bogenoemde respondente het daarop getoon dat al vier respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vier Xhosa-respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vier respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 40.75% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 20.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vier respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 25.5% en na afloop van intervensie was

die gemiddelde 17.25 %. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vier die Xhosa-respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel verbetering getoon.

Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Xhosa respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die voortoets van een van die blanke respondente het daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en haar funksionering is as oneffektief beskryf. Die ander vier blanke respondente se voortoets het daarop gedui dat hulle selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed en hulle funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Vier van die vyf blanke respondente se natoets het daarop gedui dat hierdie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie meer hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Vier van die vyf blanke adollesente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Die vyfde respondent se natoets het daarop gedui dat daar baie verbetering in haar selfpersepsie en trauma-dinamikatelling is, maar haar funksionering is nog as fluktuierend beskryf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy ook blootgestel was aan baie huislike probleme, nie sekuriteit ten opsigte van huisvesting ervaar het nie, swak verhoudings met haar ma en ma se saamleefmaat het en tydens die natoets het haar hervereniging met haar ma misluk en het sy op privaatreëling by 'n ander gesin gaan bly.

Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 54% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 27.4%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 44.4% en na afloop van intervensie was die gemiddeld 25.2%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddeld van die vyf blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamikatellings is dus onder die aanbevole gebied.

Al vyf die blanke respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel ook verbetering getoon. Die resultate wat met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal ingesamel is, dui dus daarop dat die implementering van die spelterapiëprogram die blanke respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het. Die inligting wat met behulp van die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat daar positiewe verbetering plaasgevind het en het dus die kwantitatiewe resultate gekomplimenteer.

Die navorser het dus hierdie doelwit bereik aangesien die impak van die spelterapiëprogram met drie verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank, geëvalueer is. Die navorser het tot die slotsom gekom dat die spelterapiëprogram wel Kleurling, Xhosa en blanke respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het en dus suksesvol met al drie etniese groepe geïmplementeer kan word. Onder punt 10.6.4. word aanbevelings gemaak ten opsigte van die benutting van die program met verskillende etniese groepe, naamlik Xhosa, Kleurling en blank.

10.4 Hipotese

Die afhanklike veranderlike is die veranderlike waarin die navorser verandering verwag (Strydom, 2002a: 154). Die navorser het verwag dat daar 'n verbetering in die adolessent wat seksueel misbruik is, se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente sal plaasvind. Die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die adolessent wat seksueel misbruik is, is dus die afhanklike veranderlike. Die onafhanklike veranderlike is die veranderlike wat die navorser verwag die afhanklike

veranderlike sal affekteer (Strydom, 2002a: 155). Die navorser het verwag dat die speltherapieprogram, die selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente van die respondent sal verbeter. Die speltherapieprogram is dus die onafhanklike veranderlike.

Die navorser ontwikkel 'n hipotese oor die maniere waarop sekere veranderlikes die probleem kan affekteer, en die beste manier waarop hierdie veranderlikes of die verhouding tussen hulle verander kan word. Die hipotese van die navorsing is dat indien die speltherapieprogram geïmplementeer word met die adolessente dogter wat seksueel misbruik is, dan sal dit lei tot die verbetering van haar selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente.

Soos bespreek is onder punt 10.3 het die navorsingsresultate daarop getoon dat al 15 respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het nadat die speltherapieprogram geïmplementeer is. Die navorsingshipotese is dus bevestig.

10.5 Navorsingsproses

In hierdie studie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is die eksploitering van reeds bestaande kennis ter verkryging van nuwe kennis (Smit, 1983:4). Binne die konteks van toegepaste navorsing was die oogmerk van hierdie studie om intervensienavorsing te doen. Die navorser het 'n speltherapieprogram as intervensie vir adolessente dogters wat seksueel misbruik is, ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer. Die studie is beskrywend van aard aangesien die navorser adolessensie as ontwikkelingsfase, die impak van seksuele misbruik op die adolessent en die intervensie met die respondente (implementering van die speltherapieprogram) beskryf ten einde 'n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee. Die navorser het die ses fases van intervensienavorsing (ook opgesom in bylaag 1) en die navorsingsontwerp (uiteengesit in bylaag 3) gevolg ten einde die studie suksesvol te voltooi.

10.6 ‘n Samevatting van die navorsingsresultate, samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings

Die navorser sal vervolgens kortliks samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings maak vanuit die navorsingsresultate en praktykervaring tydens implementering van die spelterapieprogram met adolessente dogters wat seksueel misbruik is.

10.6.1 Adolessensie en die impak van seksuele misbruik op die adolessent

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat die ontwikkelingstake van adolessente veeleisend genoeg op hulle eie is; plaas dus die eise van ‘n komplekse samelewing by, en dis geen wonder waarom dit oorweldigend raak vir adolessente nie. Die navorser sal vervolgens fokus op ontwikkelingstake van adolessente (hoofstuk twee) en onder elke ontwikkelingstaak bykomende take en struikelblokke bespreek wanneer ‘n adolessent seksueel misbruik word, uitlig (hoofstuk 3). Die navorser wil dit uitlig dat die ontwikkelingstake van die adolessent interverwant is en indien die adolessent byvoorbeeld probleme ervaar met die ontwikkelingstaak: “aanvaarding van ‘n fisiese voorkoms,” dit die ontwikkelingstaak van: “identiteitsvorming” beïnvloed en indien die adolessent probleme met identiteitsvorming ervaar, kan dit weer aanleiding gee tot probleme met die ontwikkelingstaak: “ontwikkeling van sosiale vaardighede.”

Ontwikkelingstake van die adolessent:

10.6.1.1 Aanvaarding van ‘n veranderde fisiese voorkoms.

Puberteit verwys na vinnige fisiese veranderinge en groei wat plaasvind tydens adolessensie (Louw, 1997:506). Die fisiese metamorfose van puberteit is van die opvallendste veranderinge van adolessente en kan daarom ook ‘n bron van kommer, angs en preokkupasie wees (Gil, 1996:35). Adolessente is dus baie bewus van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar.

Een van die gevolge van seksuele misbruik is ‘n lae selfbeeld en ‘n gevoel van waardeloosheid (Doyle, 1994:209). Selfbeeld is dus ‘n indikasie van die mate waartoe ‘n adolessent haarself waardeer. Trauma kan die positiewe gevoelens wat ‘n persoon van haarself het, uitdaag en lei tot negatiewe denke en emosies van

waardeloosheid en om “sleg” te wees (Williams & Poijula, 2002:162). Volgens Collins & Spies (1998:201) verloor die kind persoonlike beheer en ‘n gevoel van veiligheid, gedurende seksuele misbruik, wat die selfbeeld negatief beïnvloed.

Vanuit die bogenoemde bespreking word dit dus duidelik dat adolessente baie bewus is van die fisiese veranderinge wat hulle ervaar. Een ontwikkelingtaak van die adolessent is dus aanvaarding van ‘n veranderde fisiese voorkoms. ‘n Adolessent wat seksueel misbruik word, se positiewe gevoelens van haarself word uitgedaag en dit kan lei tot negatiewe denke en gevoelens van waardeloosheid en skaamte. ‘n Bykomende taak van die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus wees om ‘n lae selfbeeld en gevoelens van waardeloosheid aan te spreek.

10.6.1.2 Ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die insameling van kennis

Kognisie verwys na die innerlike prosesse en produkte van die geheue wat lei na “om te weet”. Dit sluit alle geestelike aktiwiteite in – geheue, simbolisering, kategorisering, probleemoplossing, om te skep, fantaseer en selfs om te droom (Berk, 2000:222). Volgens Meyer & Van Ede (1998:71) sien Piaget kognitiewe ontwikkeling as die resultaat van die individu se interaksie met die omgewing. Piaget stel voor dat aangesien adolessente oor meer ingewikkelde probleme kan dink, hul sosiale lewe gekarakteriseer word deur meer denke oor hul toekoms en sosiale inskakeling. Hierdie denke lei na idealistiese denke, insluitende abstrakte beginsels soos liefde en geregtigheid (Gil, 1996:32).

Adolessente begin dus om te droom oor hipotetiese situasies en samelewings en die samestelling van ‘n perfekte wêreld. Volgens Gil (1996:32) kan hierdie egosentrisme lei tot risiko-gedrag, aangesien die adolessent glo dat daardie gedrag nie in ‘n katastrofe sal ontaard nie. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hul nou is en wie hul gaan wees (Gil, 1996:32). Adolessente ontwikkel fisies vroeër as wat hulle emosionele rypheid bereik, kognitief ontwikkel, en norme geassimileer is. Soos die jeug fisies al hoe vroeër rypwording bereik, word hul gekonfronteer met sterk biologiese dryfkragte sonder die ooreenstemmende kognitiewe vermoëns en sosiale rypheid (Chapin, 2000:801).

Baie statutêre verkratingsake word deur ouers by PATCH aangemeld, waartydens adolessente wat nog nie ingeligte toestemming kan gee nie (dus nog jonger as 16 jaar oud), seksueel aktief was met gewoonlik baie ouer mans. Dit is die navorser se opinie dat die mans reeds hierdie kwesbare aspek naamlik dat adolessente fisies vroeër ontwikkel as wat hulle emosioneel en kognitief ontwikkel, uitbuit. Die adolessent se idealistiese denke, drome oor hipotetiese situasies en die samestelling van 'n perfekte wêreld, eindig egter in stukkie, wanneer baie van die mans op wie hulle verlief was en mee seksueel aktief was nie aan hulle idealistiese denke en verwagtinge voldoen nie en dit vir hulle duidelik word dat dit eintlik net vir die mans oor seksuele omgang gegaan het. Die adolessent wat dus 'n slagoffer van statutêre verkrating was moet bykomend tot hierdie ontwikkelingsstaak, die gevolge van haar gedrag, haar ouer(s) se teleurstellig of kwaadgevoelens, die risiko en moontlikheid van seksueel oordraagbare siektes en swangerskap en die kennis wat sy opgedoen het tydens haar ervaringe, ook hanteer.

10.6.1.3 Identiteitsvorming

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:425). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent volgens Erik Erikson is die vestiging van 'n unieke individuele identiteit (Comunian & Gielen, 2000:407). Mislukking om 'n gevoel van identiteit te bereik, resulteer in rolverwarring (Corey, 1996:101). Om 'n identiteit te vorm, word geassosieer met 'n goeie selfbeeld, komplekse denke oor morele en ander sake asook 'n bereidwilligheid om saam met ander mense te werk en hulle te aanvaar (Sigelman, 1999:284). In teenstelling kan die adolessente wat misluk om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel, 'n lae selfbeeld ontwikkel en doelloos rondswerf.

Een van die emosies wat slagoffers van seksuele misbruik ervaar en wat dikwels voorkom, is skaamte (Williams & Poijula, 2002:116). Skaamte beteken dat die slagoffer sleg voel vir wat of wie sy is. Baie slagoffers voel (introjek) dat mense weet dat hulle seksueel misbruik is deur net na hul te kyk (Knauer, 2000:74). Volgens Morgan (1995:11) is slagoffers van seksuele geweld baie keer selfbewus oor hul

liggame en dink dat hul “anders lyk” weens hul ervaringe. Skaamte is ‘n vorm van selfmarteling (retrofleksie) wat gevoelens van onvolwaardigheid, ondergeskiktheid en teleurstelling insluit, en kan lei tot die vorming van ‘n skaam-gebaseerde identiteit. Dit is ‘n situasie waarin die persoon se hele selfkonsep op skaamte gebaseer is (Williams & Poijula, 2002:116). Die skaamte wat die adolessenteslagoffer ervaar, kan die adolessent laat voel dat omdat sy verkrag is, dit beteken dat sy “sleg” is. Skaamte kom ook voor by slagoffers wat sê dat hulle "vuil" bly voel nadat hulle seksueel misbruik is (Knauer, 2000:78). 'n "Vuil" gevoel laat ook die slagoffer "anders as ander" voel. Die wortels van skaamte lê in die seksuele misbruik of verraad en in die slagoffer se beskadigde sin van die self (Williams & Poijula, 2002:116).

Die navorsers is dus van mening dat baie adolessente wat seksueel misbruik is, skaamte ervaar wat ‘n pynlike emosie is omdat dit baie negatiewe, kritiese oordele oor die self betrek wat lei na gevoelens van vernedering, onvolwaardigheid en om ‘n lae selfbeeld in stand hou. Skaamte kompliseer dus die ontwikkelingstaak “identiteitsontwikkeling” vir die adolessent wat seksueel misbruik is en wanneer die adolessent daarin misluk om ‘n gevoel van identiteit te bereik, resulteer dit in rolverwarring.

10.6.1.4 Vervullings van 'n manlike of vroulike sosiale rol

‘n Deel van die proses van identiteitsvorming is om die self te aanvaar as manlik of vroulik. Indien die geslagsidentiteit gevorm is, dra dit by tot die oplossing van die identiteitskrisis en stel dit die adolessent in staat om intieme verhoudings aan te knoop (Thom, 1990:464). Skaamte kom veral voor wanneer die oortreder en die slagoffer van dieselfde geslag is. (Vergelyk Morgan, 1995:11; Knauer, 2000:80.) Dieselfde-geslag seksuele misbruik bring die saak van homoseksualiteit na vore. Adolessente is baie bewus van die stigma rondom enige iemand wat "buite" die norm gesien word. Sommige slagoffers van dieselfde-geslag seksuele misbruik word homoseksueel, maar die meeste word nie (Knauer, 2000:81).

Die grootste aanduiding van ‘n geneigdheid tot homoseksualiteit blyk te wees wanneer dieselfde-geslag oortreder baie vaardig was met die seksuele misbruik en dit

fisies aanloklik vir die slagoffer gemaak het. In die gevalle waar die slagoffer plesier ervaar het, kan die seksuele misbruik meer skadelik wees as wanneer die seksuele misbruik geforseerd en fisies was. Wanneer die seksuele misbruik fisiese plesier verskaf het, voel die slagoffer dat sy deelgeneem het aan die seksuele aktiwiteit en beleef nie die seksuele misbruik as sulks nie (Knauer, 2000:81).

Die ontwikkelingstaak “vervulling van ‘n manlike of vroulike sosiale rol,” kan dus deur seksuele misbruik gekompliseer word wanneer die oortreder en die slagoffer van dieselfde geslag is, aangesien adolessente baie sensitief is vir stigmatisasie, en wanneer die dieselfde-geslag oortreder baie vaardig was met die seksuele misbruik en dit fisies aanloklik vir die adolessent gemaak het.

10.6.1.5 Aanleer van sosiale vaardighede, om 'n aanvaarbare lid van 'n groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe en hantering van sosiale situasies

Sosialisering is die proses van interaksie en leer; dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Adolessente se sosiale gedrag word gekarakteriseer deur ‘n verhoogde belangstelling in en betrokkenheid by hulle portuurgroep (Louw, 1997:518). Adolessente het ‘n behoefte om “te behoort aan”. Die portuurgroep kan gesien word as ‘n groep met waardes en norme (Gil, 1996:46). Die portuurgroep dien ook as ‘n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingsake en speel gewoonlik ‘n baie belangrike rol in die proses van identiteitsvorming (Mdikana, 2000:25). Vir die adolessent om te identifiseer met haar portuurgroep is sentraal tot die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld en sosiale vaardighede (Gil, 1996:46).

Volgens Doyle (1994:96) voel sommige adolessente wat seksueel misbruik is dat hulle anders is as ander kinders en onttrek hulle van ander mense. Seksueel misbruikte kinders ervaar baie keer probleme om gesonde bande met ander te vorm (Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Volgens Cattanach (1992:24) onttrek baie adolessente wat seksueel misbruik is hulle van verhoudings met ander kinders en word geïsoleerd. Baie adolessente slagoffers van seksuele geweld is baie bekommerd

oor hoe dit hul lewens by die skool gaan affekteer (Benedict, 1994:195). Baie vriende onttrek hulself van die slagoffer, omdat hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie en dit nie verstaan nie. Slagoffers van seksuele geweld is ook soms bekommerd oor wat ander kinders sal sê as hulle uitvind van die seksuele misbruik (Morgan, 1995:11).

Nog 'n ontwikkelingstaak van die adolessent is dus die aanknoop en handhawing van vriendskappe. Aangesien sommige adolessente wat seksueel misbruik is, onttrek, lae selfbeelde ontwikkel en gevoelens van skaamte of om “anders te wees” ervaar, is dit vir hulle nog moeiliker om hierdie ontwikkelingstaak te bereik. Indien die adolessent wat seksueel misbruik is nie daartoe in staat is om vriendskappe aan te knoop en te handhaaf nie, beïnvloed dit identiteitsvorming, aangesien die portuurgroep ook dien as 'n hoofbron van die adolessent in die hantering van sy of haar ontwikkelingstake. Wanneer die adolessent wat seksueel misbruik is nie identifiseer met haar portuurgroep nie, kan dit haar selfbeeld en sosiale vaardighede benadeel.

10.6.1.6 Die verwerking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone

Deur traumatiese ervarings te ondergaan en te oorleef kan lei tot probleme met binding, intimiteit en interpersoonlike verhoudings (Williams & Poijula, 2002:177). Probleme wat die persoon kan ervaar, sluit in: gevoelens van “anders wees”, wantroue, isolasie, verlies aan plesier in die lewe, verlies aan die vermoë om sensueel en seksueel te voel, herhaalde destruktiewe verhoudings en probleme met die vasstel en behou van grense. Die onvermoë om intieme emosionele verhoudings te ontwikkel met mans is algemeen onder vroueslagoffers van seksuele geweld (Brown, 1991:9). Slagoffers van seksuele geweld kan skaam voel indien hulle seksuele gevoelens ervaar, en seks kan 'n sneller word wat geassosieer word met vernedering, gevaar en die behoefte om 'n geheim te hou (Williams & Poijula, 2002:138). Die slagoffer van seksuele geweld kan terugflitse gedurende seksuele verhoudings kry.

Oor die laaste twee dekades het die hoeveelheid kinders wat verwaarloos of seksueel misbruik is, geleidelik verhoog (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). In respons hierop, het baie ouers, onderwysers en ander volwassenes begin om kinders te leer om nie vreemdelinge te vertrou nie. Deur egter aan kinders te leer om nie

vreemdelinge te vertrou nie, het hulle die fondament weggespoel vir goeie toekomstige interpersoonlike verhoudings. Erikson het onder andere geargumenteer dat die ontwikkeling van 'n sin van vertrou vroeg in die lewe noodsaaklik is vir gesonde sielkundige funksionering (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Kinders wat dus geleer word om nie vreemdelinge te vertrou nie, kan later probleme ervaar met die vestiging van intieme verhoudings en kan gevoelens van eensaamheid in latere jare beleef. 'n Moontlike alternatief vir die opleiding van kinders om nie vreemdelinge te vertrou nie, is om hulle te leer om slegte gedrag in ander te erken (Terrell, Terrell & Von Drashek, 2000:611). Dit kan veral bruikbaar wees, aangesien vorige verslae aandui dat die meerderheid kinders seksueel misbruik word deur familieledes of iemand wat hulle ken. Na verkragting deur iemand wat die adolessente dogter vertrou het, kan sy dit moeilik vind om weer mans te vertrou (Benedict, 1994:200). Indien die adolessent dus deur 'n persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertrou in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan weens 'n gebrek aan vertrou dus probleme ervaar met die verwerking van nuwe en meer volwasse verhoudings met persone.

10.6.1.7 Vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers

Die belangrikste agente van sosialisering was nog altyd die gesin (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:92). Sosialisering begin by die huis, waar kinders leer wie hulle is, wat hulle kan en moet verwag van die samelewing en wat die samelewing van hulle verwag. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling (Mash & Wolfe, 2002:23). Indien die verhouding met die bindingsfigure konstant en betroubaar is, sal adolessente beter in staat wees om hul emosies te reguleer en om stres meer effektief te hanteer. Adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word (Sigelman, 1999:383). Adolessente wat 'n hegte binding met hulle ouers geniet, blyk sterker selfbeelde en sterker identiteite te vorm en kan beter emosioneel aangepas wees as ander adolessente wat nie 'n sterk binding met hul ouers het nie (Sigelman, 1999:383). Hierdie verbinding tussen adolessent en ouer help as 'n buffer vir

adolescente en help om hulle te beskerm teen die stressors en angs van grootword en aanpassing in 'n komplekse wêreld. Aanhoudende sterk binding met ouers word ook verbind met die ontwikkeling van positiewe selfbeelde (Lefrancois, 1999:347).

Vanuit die navorsingsbevindinge en praktykervaring het dit al hoe duideliker vir die navorser geword dat adolessente wat 'n slegte binding of verhouding met hulle ouer(s) het, se funksionering daardeur beïnvloed word. Die navorser stem dus saam met Mash & Woolfe (2002:23) wat beweer dat 'n hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling is. Adolessente wat deur 'n primêre versorger seksueel misbruik word se basiese behoefte aan liefde en sekuriteit word dus nie aan voldoen nie en indien die ander ouer nie die kind se onthulling glo nie, het dit verdere nadelige gevolge. Adolessente wat dus seksueel misbruik is deur 'n primêre versorger, het dus nie die veiligheid van 'n ouer-adolesent verhouding ervaar wat hulle help aanpas en beskerm teen stressors nie. Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus steeds tydens adolessensie die behoefte aan 'n hegte binding met 'n ouer ervaar en dus nog nie gereed voel om emosioneel onafhanklik te funksioneer nie. Dit maak ook die adolessent kwesbaar vir sekondêre seksuele misbruik weens haar behoefte aan 'n hegte binding.

10.6.1.8 Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon

Die boublokke van intimiteit – gee en ontvang, vertrou en om vertrouenswaardig te wees – word geleer tydens kindskap (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Indien kinders konstante liefdevolle aandag ontvang, ontwikkel hulle vaardighede om versorgende verhoudings te bou en te behou. In die geval van seksuele misbruik, waar die oortreder 'n volwassene is, misbruik die oortreder die kind se onskuld. Gevolglik word die kind groot met verwarrende boodskappe oor die verhoudings tussen seks, liefde, vertrou en verraad (Spies, O'Neil & Collins, 1998:372). Baie slagoffers vrees dit om hul lewensmaat of vriend in te lig omtrent die seksuele misbruik en vrees dat hul blameer sal word of as ontrou gesien sal word (Nevid, Ratus & Greene, 1997:548). 'n Adolessent se vermoë om te vertrou en te ondersoek word op die sekuriteit en kongruensie van vorige verhoudings gebaseer.

Adolescente wat geleer het om aan te pas by geweld en intimidasie as 'n manier van lewe, en wat 'n tekort het aan geskikte alternatiewe rolmodelle of ervarings, is meer geneig om die sosiale arena te betree met onaanvaarbare verwagtinge oor verhoudings (Mash & Woolfe, 2002:393). Adollesensie kan die modelfase wees of die aanvangsperiode, in die vorming van 'n gewelddadige dinamiek in intieme verhoudings. Skaamte as gevolg van die seksuele misbruik maak dit moeilik vir slagoffers om goed te voel oor hulself en kan maak dat die adolessent so 'n lae selfbeeld het, dat sy enige iets sal aanvaar wat oor haar pad kom insluitende beroepskeuse, huweliksmaat en vriende (Knauer, 2000:77).

Aangesien seksuele misbruik die slagoffer se selfbeeld kan verlaag, kan dit daartoe lei dat slagoffers baie afhanklik word van ander mense en dat hul eerder in 'n mishandelende verhouding sal bly as om die risiko te loop om alleen en kwesbaar te wees (Knauer, 2000:130). Die slagoffer draai na dit wat bekend is aan haar. Die moontlikheid ontstaan dat 'n persoon wat altyd boodskappe gekry het dat sy net van waarde is in die seksuele misbruiksituasies, sy van waarde sal voel wanneer sy in so 'n situasie is (Knauer, 2000:98). Die adolessent wat seksueel misbruik is, kan dus probleme ervaar met hierdie ontwikkelingstaak en sal dus met behulp van 'n ondersteuningsnetwerk oor 'n verloop van tyd moet leer om weer te vertrou en te internaliseer dat ander vir haar lief is sodat sy 'n gevoel van waarde en kontak met ander ervaar.

10.6.1.9 Die ontwikkeling van morele konsepte en waardes wat kan dien as riglyne vir gedrag

Morele redenering verwys na hoe 'n persoon redeneer of 'n aksie reg of verkeerd is; dit is egter anders as morele gedrag. (Vergelyk Louw, 1997:512; Smith & Cowie, 1993:197.) Een van die belangrikste take van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:459). Dit bring mee dat die adolessent sekere waardes bevraagteken en sekere waardes aanvaar ten einde haar of sy eie morele waardestelsel te vorm.

Traumatiese seksualisering verwys na 'n proses waarin 'n kind se seksualiteit (insluitende seksuele gevoelens en seksuele houdings) gevorm word op 'n

onaanvaarbare, disfunksionele ontwikkelings- en interpersoonlike manier as gevolg van die seksuele misbruik. (Vergelyk Mash & Woolfe, 2002:392; Finkelhor & Browne, 1986:181.) Traumatiese seksualisering kan op verskeie maniere voorkom as gevolg van seksuele misbruik. Die tekens van traumatiese seksualisering is meer geneig om voor te kom indien 'n seksuele respons van 'n kind ontlok is of indien die kind geforseer is tot deelname (Mash & Woolfe, 2002:392). Traumatiese seksualisering kom ook voor wanneer die oortreder miskonsepsie en verwarring oor seksuele gedrag en seksuele moraliteit oordra aan die kind. Dit gebeur wanneer vreesaanjaende herinneringe en gebeure in die kind se geheue geassosieer word met seksuele aktiwiteite. Volgens Mash & Woolfe (2002:392) word seksuele gedrag vir sommige slagoffers van seksuele geweld geassosieer met sterk emosies, soos vrees, afkeer, skaamte en verwarring. Dit is soms baie moeilik vir 'n kind wat seksueel getraumatiseer is om grense te behou (Bannister, 1998:12). Die oortreder verruil aandag of liefde vir seks en sodoende leer kinders om dit te gebruik as 'n ruilmiddel.

Seksuele misbruik het 'n onbetwisbare impak op die kind se seksualiteitsontwikkeling, alhoewel die mate en tipe van gevolge varieer van kind tot kind. Volgens Gil (1996:36) het verskeie studies gevind dat kinders wat seksueel misbruik is, versteurings in seksuele identiteit en seksuele funksionering en in hul seksuele oriëntasie ervaar. Alhoewel seksualiteit en seksuele ontwikkeling tydens geboorte begin en uitbrei dwarsdeur die lewenspan, het baie mense hul eerste interpersoonlike seksuele ervaring tydens adolessensie en romantiese verhoudings is geneig om te ontwikkel in middel-adolessensie (Gil, 1996:38). Verandering in hoe die adolessent lyk, dink, optree in sosiale konteks, sosiale en wetlike status, en in hul verhoudings met hul familie en portuurgroep, in hul prestasies, gevoel van identiteit en onafhanklikheid karakteriseer adolessente (Gil, 1996:39). Seksuele ontwikkeling het 'n impak in omtrent al hierdie areas. Seksualiteit is dus nie 'n fisiese of 'n gedragfenomeen nie, dit is multi-dimensioneel en is deel van identiteitsvorming.

Soos hierbo bespreek kan seksuele misbruik dus die ontwikkelingtaak van die adolessent om 'n waardesisteen en morele konsepte te ontwikkel benadeel. Die adolessent wat seksueel misbruik is, gaan dus met die hulp van 'n goeie ondersteuningsnetwerk of terapie moet leer om hulle seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief tot identiteitsontwikkeling bydra.

Miskonsepsie en verwarring oor seksuele gedrag en seksuele moraliteit weens die seksuele misbruik sal aangespreek moet word ten einde vreesaanjaende herinneringe wat geassosieer word met seksuele aktiwiteite te vervang met gevoelens van liefde en aanvaarding.

10.6.2 Terapievaardighede en beginsels tydens spelterapeutiese dienslewering vanuit die gestaltbenadering

Die navorser is van mening dat die volgende vaardighede en beginsels baie belangrik is tydens terapeutiese dienslewering aan die adolessent wat seksueel misbruik is:

- Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut om te besluit hoe om voort te gaan,
- Die terapeut moet aktief luister en toon sodoende aan die adolessent dat sy die adolessent se sienings respekteer, aandag gee en die inligting waardeer,
- Die terapeut moet 'n nie-beoordelende houding inneem, nie stellings van die adolessent uitdaag nie en moet 'n "magstryd" vermy,
- Die terapeut moet positief wees en van relevante humor gebruik maak,
- Met kreatiewe aktiwiteite kan die adolessent gehelp word om oor bedreigende aspekte te praat,
- Die terapeut moet gemaklik voel om oor seksualiteitaspekte te praat,
- Dit is belangrik dat belangrike persone in die adolessent se lewe betrek word, maar die terapeut moenie inligting met hulle deel sonder die adolessent se toestemming en medewete nie. Die terapeut verduidelik egter tydens aanvang van terapie aan die adolessent dat die terapeut oor alles mag stilbly behalwe as die adolessent se lewe bedreig word,
- Die terapeut moet betroubaar wees en in kontak met die "kind" in haar wees,
- Die terapeut moet die adolessent se bewustheid van wat sy voel in die hier-en-nou verhoog,
- Dit is noodsaaklik om 'n goeie vertrouensverhouding met die adolessent te bou ten einde die adolessent effektief by terapie te betrek,
- Die terapeut moet die adolessent wys op die gevolge van haar gedrag en dat sy verantwoordelikheid moet neem vir haar keuses,

- Die terapeut moet die voorgrondbehoefte van die adolessent aanspreek,
- Speltherapie tegnieke (klei, tekeninge, bibliospel, bordspeletjies en rolspel) kan suksesvol aangepas en gebruik word met adolessente.
- Benutting van bewustheid, kontak en polariteit.

10.6.3 Die speltherapieprogram

Vanuit die navorsingsbevindinge kan die navorser die afleiding maak dat die speltherapieprogram effektief geïmplementeer kan word met Kleurling, Xhosa en blanke adolessente wat seksueel misbruik is. Die speltherapieprogram is egter ontwikkel om die impak van seksuele misbruik aan te spreek. Baie van die respondente wat die navorser betrek het, het egter ook ander probleme en onvoltooidhede in hulle lewens ervaar. Dit is daarom noodsaaklik dat die terapeut wat dienste lewer aan die adolessent wat seksueel misbruik is, ook gebruik moet maak van eksterne bronne ten einde ander behoeftes of onvoltooidhede aan te spreek. Die navorser het in die studie noodgedwonge van die volgende eksterne bronne gebruik gemaak:

- 'n Psigiater as fasiliteerder van 'n gesinsvergadering. Die een respondente het selfskendende gedrag getoon as gevolg van 'n misplaasde verantwoordelikeheidsgevoel weens die gesin se finansiële probleme en haar pa wat alkohol misbruik het.
- Die organisasie "Choices" is saam met 'n swanger adolessent besoek ten einde haar in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem ten opsigte van die swangerskap.
- Die navorser moes in verskeie respondente se gevalle saam met die betrokke welsynsinstitusies werk omdat van die beweerde oortreders primêre versorgers was, die respondente pleegkinders was of herenig moes word met biologiese ouer(s).
- Wanneer die respondent godsdienstige vrae gehad het, het die navorser gebruik gemaak van 'n dominee (deskundige op die gebied) om met die respondente daaroor te praat.

- Die staatsaanklaer het met die respondente gekonsulteer in verband met die kriminele saak wanneer daar vrae daaromtrent was.

Die speltherapieprogram is dus nie 'n boek wat net van voor tot agter gebruik kan word, sessie vir sessie nie. Die terapeut moet die program ken en alhoewel 'n aktiwiteit voorberei is, moet die terapeut indien nodig kan verander na 'n geskikte aktiwiteit ten einde by die adolessent se voorgrondbehoefte aan te pas. Die terapeut moet ook vaardig wees ten einde gesprekke met die adolessent van toepassing te maak en te integreer in die aktiwiteit wat bespreek word. Die navorser het die speltherapieprogram vanuit die gestaltbenadering geïmplementeer en het gevind vanuit die navorsingsresultate en praktykervaring dat die gestaltbenadering effektief met die adolessent wat seksueel misbruik is, toegepas kan word. Die navorser wil aanbeveel dat terapeute wat vanuit ander benaderings werk, die speltherapieprogram en aktiwiteite moet aanpas ten einde die effektiwiteit daarvan vanuit ander benaderings te evalueer.

Gemeenskaplikhede en verskille in die kwalitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling) wat aan die hand van die onderhoudskedule by die ouers / versorgers ingesamel is, sal vervolgens in tabelvorm weergegee word.

Tabel 10.1: Gemeenskaplikhede en verskille in die kwalitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)

Gemeenskaplike inligting wat by die ouers / versorgers van al drie kultuurgroepe oor die gevolge van die beweerde seksuele misbruik op die adolessent, ingesamel is:	
Gesondheid:	Slaapprobleme, hoofpyn, maagpyn, diarree, moeg en blaasprobleme.
Emosionele funksionering:	Gemoedstoestand wisselvallig, hartseer, emosioneel, onttrek, stil, aggressie, skuldgevoelens, bang om alleen te loop, bang vir die oortreder of die hofsaak, selfmoordgedagtes.
Interpersoonlike verhoudings:	Verhouding met moeders verswak weens onttrekking.
Gedragsprobleme:	Leuens, alkoholgebruik.
Kognisie:	Nagmerries, terugflitse.
Seksualiteit:	Beperkte kommunikasie oor seksualiteit aspekte.

Inligting wat meer beduidend by elke kultuurgroep by die ouer / versorger, tydens die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule, ingesamel is:	
Blank:	Selfskending - sny op arms. Liggaambewustheid. Tekens van depressie.
Xhosa:	Ouers / versorgers lug hulle kommer oor die adolessent se portuurgroepverhoudinge en verkeerde vriende.
Kleurling:	Stigmatisasie - gemeenskap se reaksie.

Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes volgens die kwantitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling) wat met behulp van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool ingesamel is, sal vervolgens in tabelvorm weergegee word.

Tabel 10.2: Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes volgens die kwantitatiewe data van die adolessente van die drie kultuurgroepe (Xhosa, blank en Kleurling)

Gemeenskaplike en verskillende terapeutiese behoeftes van adolessente van die drie kultuurgroepe (blank, Kleurling en Xhosa):
Veertien van die vyftien respondente se voortoets-"angstigheids-tellings" was beduidend bo die aanbevole gebied en is dus 'n aspek wat by adolessente wat seksueel misbruik is, van al drie kultuurgroepe, voorkom en wat aandag behoort te geniet.
Die "wantroue-tellings" van al vyftien die respondente het daarop gedui dat dit 'n problematiese aspek is vir adolessente wat seksueel misbruik is van al drie kultuurgroepe.
Die voortoets van al vyf die Kleurling adolessente, vier van die blanke adolessente en twee van die Xhosa adolessente se gevoelens van "hulpeloosheid", was beduidend bo die aanbevole gebied.
Die "stigma-tellings" van vier van die blanke en drie van die Kleurling adolessente het daarop gedui dat die ervaringe van stigmatisasie meer by hierdie twee kultuurgroepe voorkom.
Die voortoets-"verantwoordelikheid vir ander" van vier van die blanke en van vyf van die Kleurling adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en blyk dus dat dit 'n aspek is waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan blanke en Kleurling adolessente wat seksueel misbruik is.
Die voortoets-"gebrek aan selfwaarde" van al vyf die blanke adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus op 'n aspek waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan die blanke adolessente wat seksueel misbruik is.
Die voortoets-"liggaamsbeeld" van vier van die blanke adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus 'n aspek aan waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan die blanke adolessente wat seksueel misbruik is.
Vier van die vyf blanke adolessente se "frustrasie" voortoets en drie van die blanke adolessente se "skuldgevoelens" voortoets was beduidend bo die aanbevole gebied en dui op aspekte waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan blanke adolessente wat seksueel misbruik is.

Die voortoets-"isolasie" van drie van die vyf Xhosa adolessente was beduidend bo die aanbevole gebied en dui dus op 'n aspek waaraan aandag gegee moet word tydens dienslewering aan Xhosa adolessente wat seksueel misbruik is.

Die navorser sal vervolgens kortliks aanbevelings maak ten opsigte van die implementering van die program met die drie etniese groepe vanuit praktykervaring en die navorsingsbevindinge:

10.6.3.1 Aanbevelings vir die implementering van die program met die Xhosa adolessent

Die navorser vind in praktyk dat baie van die ouer(s) van Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, die kindere na uitgebreide familie in die Oos-Kaap stuur. Baie min kriminele sake vorder tot by verhoor. Volgens die navorser is moontlike redes hiervoor as volg:

- Baie kindere wat seksueel misbruik is, word na die seksuele misbruikvoorvalle na uitgebreide familie in die Oos-Kaap gestuur,
- Die woongebied waar die meeste Xhosa-adolessente woon, is 'n area wat die afgelope jaar ontwikkel het en die laekostebehuising word vir die mense gebou. Die meeste mense van hierdie woongebied is van die Oos-Kaap en werkloosheid is een van die grootste uitdagings wat hierdie gemeenskapslede in die gesig staar. Aangesien daar nie altyd voldoende adresse in die informele woongebiede is nie en omdat baie van die klaagsters se gesinne trek na die nuwe behuising, kan die polisie soms nie die klaagsters opspoor nie en word sake tydelik teruggetrek,
- Familievergaderings tussen die slagoffer en beweerde oortreder se families word gehou en sake word daarna soms teruggetrek indien 'n ooreenkoms bereik is.
- Volgens De Kock (1995:29) is 'n bekende Xhosa gesegde: "Die een wat bang is, se familie lag; en die een wat braaf is, se familie huil." Die Xhosa woord vir "vrede" beteken letterlik "om stil te bly." Die navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur in konflikoplossingstrategieë "vermyding," "integrasie" en "samerwerking en

skikking” is. Die navorser maak die afleiding dat die gebied in die Helderberg waar die meeste Xhosa-adolesente woonagtig is, ‘n gevaarlike en hoë risiko omgewing is soos weerspieël deur al die weeklikse koerantberigte van rooftogte en moorde in daardie gebied. Dit is ‘n moontlike verklaring vir die Xhosa-adolesente en hulle gesinne se voorkeur vir die “vermydingstrategie” deur eerder die kind weg te stuur na familie of om in onderhandelings betrokke te raak.

‘n Verkennende ondersoek na die redes waarom so min van die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, se kriminele sake tot verhoor vorder en aanbevelings om dit aan te spreek, is volgens die navorser ‘n aktuele onderwerp vir verdere navorsing.

Die navorser het tydens dienslewering probleme ervaar met die stiptelikheid en bywoning van die Xhosa-respondente. Indien die respondent laat is, bemoeilik dit dienslewering weens ander verpligtinge en afsprake. Volgens Vuyokazi Ngalwa, Xhosa maatskaplike werker by PATCH, ervaar sy dieselfde probleme in praktyk. Die navorser beveel dus aan dat indien dit moontlik is, dit beter is om Xhosa-kindere by ‘n skool te sien, aangesien vaste tye dan vasgestel en gereël kan word met onderwysers en die kind.

Die navorser het ook gevind dat baie van die Xhosa-adolesente nie behoefte aan langtermyn terapie het nie. Volgens Vuyokazi Ngalwa ervaar sy dieselfde tydens dienslewering aan die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik is. Sy noem dat baie van die Xhosa-kliënte na afloop van twee of drie terapeutiese sessies slegs op hoogte van die hofsaak gehou wil word of dat sy dan in kennis gestel word dat die kind na die Oos-Kaap na uitgebreide familie gestuur is. Vuyokazi Ngalwa is ook van mening dat ‘n tekort aan toesig oor die kindere wanneer die ouers werk of werk gaan soek, aanleiding gee tot die hoë voorkoms van seksuele misbruik van kindere in daardie gebied.

Die navorser beveel dus aan dat die terapeut ‘n in-diepte assessering tydens aanvang van terapie moet doen en gefokus moet werk ten einde die behoeftes van die Xhosa-adolesent aan te spreek in die hoeveelheid sessies waarvoor sy opdaag. Verder beveel die navorser aan dat daar bewuswordingsprogramme oor seksuele misbruik,

die voorkoming van seksuele misbruik en die voordeel van terapeutiese dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, in die Xhosa-gemeenskappe gedoen moet word. Die volwassenes en kinders moet daarby betrek word.

Die navorser het opgemerk dat die gemiddelde van die vier Xhosa respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie 25.5% was en na afloop van intervensie was die gemiddelde 17.25 %. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde trauma-dinamikatelling was dus reeds voor intervensie onder die aanbevole gebied. Die individuele trauma-dinamikatellings van die vier respondente voor intervensie was onderskeidelik: 32%, 27%, 24% en 19%, die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die trauma-dinamikatellings het dus alreeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie behoefte op verbetering is nie en dit verklaar moontlik waarom dit lyk asof die Xhosa-adolesente nie belangstel in langtermynterapie nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking beveel die navorser dus aan dat die Xhosa-adolesent betrek word by gefokusde korttermynterapie wat haar behoeftes aanspreek, maar dat sy kan inskakel vir verdere dienslewering indien sy behoefte daaraan het. Die navorser beveel verder aan dat indiepte navorsing oor Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na afloop van seksuele misbruik met baie Xhosa-respondente gedoen moet word om 'n waarheidsgetroue beeld weer te gee. In hierdie studie het dit voorgekom asof die Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na die seksuele misbruik nie dui op 'n behoefte op verbetering nie. Die navorser is egter van mening dat daar nie op grond van vyf Xhosa-repondente veralgemeen kan word na die hele populasie nie, maar is egter van mening dat dit 'n interessante veld vir verdere ondersoek is.

Vanuit die agtergrondgeskiedenis van die Xhosa respondente het dit onder die navorser se aandag gekom dat baie van die Xhosa respondente deur eksterne familie op 'n stadium versorg is of steeds versorg word. Die navorser wil daarom verder aanbeveel dat daar ondersoek ingestel moet word na die binding tussen die Xhosa-adolesent en primêre versorgers en of daar enige moontlike verwantskap is tussen die binding en die traumatelling van die Xhosa adolesent wat seksueel misbruik is.

10.6.3.2 Aanbevelings vir die implementering van die program met die Kleurling adolessent

Die navorser het geen probleme ervaar met die selektering van die Kleurlingrespondente nie en die respondente was ook ontvanklik vir langtermynterapie. Van die ouers het die navorser ook vir individuele sessies gesien. Van die ouers het ook gereeld telefonies kontak met die navorser gemaak. Die navorser vind in praktyk dat die meeste kinders wat na PATCH verwys word Kleurlingkinders is. Die navorser is van mening dat dit nie beteken dat Kleurlingkinders meer seksueel misbruik word nie, maar dat hulle in die meeste gevalle onmiddellik na onthulling optree en wel die probleem aanmeld by welsynsorganisasie en die polisie, en nie die probleem 'n geheim probeer hou nie. Die navorser vind egter ook in praktyk dat baie van die Kleurling ouer(s) na hulle onmiddellike optrede na die kind se onthulling, daarna die saak weer gaan terugtrek of wil terugtrek veral indien die beweerde oortreder 'n familielid is.

Die navorser het geen probleme ervaar met die implementering van die program met die Kleurling respondente nie en die respondente het hulle sessie getrou en stiptelik bygewoon. Die navorser maak die afleiding dat die spelterapieprogram effektief geïmplementeer kan word met Kleurling adolessente wat seksueel misbruik is.

10.6.3.3 Aanbevelings vir die implementering van die program met die blanke adolessent

Die navorser het probleme ervaar met die selektering van die blanke respondente aangesien die blanke respondente wat wel verwys is na PATCH of nie aan die kriteria voldoen het nie of nie aan die navorsing wou deelneem nie. Die navorser vind ook in praktyk dat baie blanke adolessente wat na PATCH verwys word nie die seksuele misbruik dadelik onthul het nie en dat daar 'n geheimhoudingelement bestaan. Die blanke kinders wat egter ingeskakel het vir terapie, het 'n behoefte aan langtermynterapie gehad en die navorser het die blanke respondente vir baie sessies gesien. Die navorser het ook gevind dat die blanke respondente se ouer(s) die navorser ook aanvanklik vir baie individuele sessies kom sien het. Die navorser beveel dus aan dat 'n terapeut die ouer(s) of versorger(s) van die adolessent (van al

drie etniese groepe) of self moet sien of moet verwys indien dit nie moontlik is nie, indien hulle behoefte het aan terapie weens die seksuele misbruik van hulle kind. Die ouer(s) speel 'n baie belangrike rol in die kind se helingsproses. Die navorser maak die afleiding dat die speltherapieprogram effektief geïmplementeer kan word met blanke adolessente wat seksueel misbruik is.

10.6.4 Verdere aanbevelings op mikro, meso en makrovlak

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse veld en terapeute wat dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, moet oor die voldoende opleiding en kennis oor die veld beskik. Oneffektiewe dienslewering kan lei tot sekondêre trauma of dat die kind weer 'n slagoffer van seksuele misbruik kan word. Daar is baie leemtes in die veld van seksuele misbruik wat bydra tot terapeute asook kinders wat seksueel misbruik is en hulle ouers se frustrasie. Die navorser wil vervolgens die volgende aanbeveling maak ten einde van hierdie leemtes aan te spreek.

10.6.4.1 Aanbevelings op mikrovlak

Op mikrovlak is die navorser van mening dat die kind of adolessent wat seksueel misbruik is, slegs effektief gehelp kan word indien die terapeut oor begrip en kennis beskik van die betrokke kind of adolessent se kultuur en gemeenskap se hantering van seksuele misbruik. Die navorser het, as vereiste vir die M.A. (M.W.) Speltherapiekursus navorsing gedoen en 'n skripsie voltooi met die tema: "Die effek van speltherapie op die selfbeeld van die Kleurlingkind wat seksueel misbruik is." Gedurende die literatuurstudie het dit egter vir die navorser voorgekom asof daar 'n leemte is in inligting oor Kleurling gemeenskappe en hulle hantering van seksuele misbruik.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat daar 'n in-diepte, verkennende studie gedoen moet word in Kleurling gemeenskappe: struikelblokke wat bruingemeenskappe ervaar (armoede, bendes, werkloosheid, prostitusie), ervarings van bruin gemeenskappe tydens die apartheidsera asook hulle ervarings onder die nuwe bedeling, sterkpunte van die bruin gemeenskappe asook gevare waaraan kinders en adolessente blootgestel word. Daar kan verder gefokus word op die adolessent-ouer verhouding, die invloed

van 'n gebrek aan privaatheid op die gesin, middelemisbruik, die gesinsopset, statistieke en die voorkoms van seksuele misbruik, die verwantskap tussen die kind wat seksueel misbruik word en die beweerde oortreder en die hantering van seksuele misbruik deur die kind en gesin. Sodoende sal behoeftes en leemtes geïdentifiseer word, begrip en kennis vir Kleurlinggemeenskappe verhoog en dienslewering aan Kleurlingkinders wat seksueel misbruik is op mikrovlak, meer effektief gelewer kan word. Die navorser ervaar in praktyk dat die bruin gemeenskappe baie ontvanklik vir dienslewering is en dit kan daarom ook dui op 'n behoefte daaraan.

Die navorser wil verder aanbeveel dat die verkennende ondersoek ook in Xhosa en blanke gemeenskappe gedoen moet word. Sodoende kan vergelykings gemaak word oor die voorkoms van seksuele misbruik, die hantering van seksuele misbruik deur die verskillende kultuurgroepe (saak word gerapporteer of nie, saak word teruggetrek of nie, vergaderings tussen oortreder en slagoffers se familie of nie), verwantskap tussen die oortreders en slagoffers (vreemdelinge, familieledede of bloedskande) en sodoende kan behoeftes asook leemtes in verskillende kulture geïdentifiseer word en terapeutiese dienslewering en intervensieprogramme vir kinders wat seksueel misbruik is, kan daarvolgens aangepas word.

10.6.4.2 Aanbevelings op mesovlak

Die navorser sal vervolgens aanbevelings maak ten opsigte van die voorkomingprogramme van seksuele misbruik in die skoolsisteem; die belang van multi-dissiplinêre samewerking tussen die welsynsinstitusies, polisie en nie-staatsorganisasies in die hantering van seksuele misbruik, en tersiêre instellings.

10.6.4.2.1 Die skoolsisteem

In die meeste gevalle wat by PATCH aangemeld word, is die oortreders bekend aan die kinders wat seksueel misbruik is. Dit is daarom baie belangrik dat kinders op mesovlak, in die skoolsisteem, geleer moet word om slegte gedrag in ander te erken, met ander woorde selfs in mense wat hulle ken en vertrou. Oortreders van seksuele misbruik bevriend in baie gevalle die kinders en gesinne en wen eers die kind en gesin se vertrouwe voordat die oortreder baie subtiel begin om die kind geleidelik by seksueel

onvanpaste dade te betrek en bewerkstellig geheimhouding deur dreigemente of deur die verantwoordelikeheidsgevoel te misplaas na die kind. Kinders en adolessente moet dus bedag wees op gevaartekens en moet in staat wees om slegte gedrag in ander (selfs mense wat hulle vertrou) te erken.

Die navorser wil dus aanbeveel dat daar verdere navorsing gedoen moet word spesifiek oor die “gereedmakingsproses” wat oortreders van bogenoemde wandade gebruik om die kind te betrek by seksuele misbruik en dat ‘n voorkomingsprogram vir ouers en kinders ontwikkel moet word. In die voorkomingsprogram kan onder andere gefokus word op die bewusmaking van kinders van slegte of onvanpaste gedrag in ander en die hantering sou dit gebeur. Die ouers moet bewus gemaak word van die “gereedmakingsproses” wat oortreders gebruik om hulle en die kinders se vertrouwe te wen, naamlik opbou van ‘n vertrouensverhouding, om ‘n kind voor te trek en spesiaal te laat voel, vervreemding van die kind van haar gesin, grensverbreking, geleidelike vordering van die seksuele dade, herhaalde opweeg van risiko’s en selektering van ‘n plek waar die seksuele misbruik kan plaasvind. Die navorser is van mening dat die skool die ouers kan uitnoodi na ‘n werkwinkel oor die onderwerp as deel van voorkoming van seksuele misbruik.

‘n Nuwe tendens is dat sommige skole wat dit kan bekostig ‘n maatskaplike werker aanstel wat aandag gee aan die maatskaplike probleme wat kinders ervaar en by die skole onthul. Baie probleme wat kinders ervaar, hou verband met hulle huislike omstandighede (fisiese, seksuele en emosionele mishandeling) en daarom voel kinders veilig om onthulling te maak waar hulle veilig voel, soos by ‘n skool. Dit plaas onderwysers onder geweldige druk om die maatskaplike probleme van kinders te hanteer. Onthulling is alreeds moeilik vir kinders en wanneer hulle dit wel onthul, is die korrekte en professionele optrede uiters belangrik. Die navorser het oor die afgelope vyf jaar bewus geraak van hierdie behoefte by skole en is van mening dat gemeenskappe en die Departement van Onderwys skole moet ondersteun in die befondsing van maatskaplike werkers by skole. Maatskaplike werkers kan van die kinders self sien vir terapeutiese dienslewering of na die geskikte organisasies verwys en sodoende die druk van onderwysers om maatskaplike probleme van kinders te hanteer, verlig. Navorsing oor onthullings wat kinders by skole maak en die behoefte aan maatskaplike werkers by skole kan lig werp op hierdie behoefte.

10.6.4.2.2 Multi-dissiplinêre samewerking (Departement van Welsyn, Suid-Afrikaanse Polisie diens en Nie-staat organisasies)

PATCH is 'n organisasie wat spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is en dienslewering sluit die volgende in: na-ure krisisdienste en emosionele ondersteuning tydens die mediese ondersoek, terapeutiese dienslewering, hofvoorbereiding en voorkomingsprogramme by skole. Wanneer 'n kind seksuele misbruik onthul, is onmiddellike en die korrekte optrede van uiters belang. 'n Kind wat seksueel misbruik is, kan nie op 'n wagglyse geplaas word vir optrede en terapeutiese dienslewering nie en het behoefte aan onmiddellike ondersteuning en terapeutiese dienslewering. Die navorser is van mening dat 'n kind wat seksueel misbruik is op 'n kinderbeskermingsregister geplaas moet word en dat daar duidelik vereistes moet wees wat in daardie geval van die polisie, maatskaplike werker, staat, dokter en ouers verwag word. Byvoorbeeld, die maatskaplike werker van die betrokke welsynsinstantie moet die gesin elke twee weke besoek, die kind moet inskakel vir terapeutiese dienslewering en 'n multi-dissiplinêre vergadering moet elke twee maande gehou word om terugvoer ten opsigte van dienslewering te gee.

Maatskaplike werkers in die gesinsorgopset het groot gevalleladings weens 'n tekort aan personeel en finansies. Daar word dus van 'n maatskaplike werker verwag om onder 'n magdom werksdruk belangrike en verantwoordelike besluite te neem. Maatskaplike werkers word vinnig gekritiseer indien dienslewering nie volgens die kliënte se verwagtinge is nie en loop verder die risiko om aangekla te word by die Raad van Maatskaplike Werk.

Daar is veral in die plattelandse dorpe behoefte aan organisasies wat gespesialiseerde dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, soos deur PATCH voorsien word in die Helderberg. Die gemeenskap (borge van groot maatskappye) en die staat (staatsubsidies) moet egter hande vat deur sulke een-stop-instanties wat spesialiseer in dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, te befonds. Die groot hoeveelheid aanmeldings van kinders wat seksueel misbruik word, regverdig sulke organisasies. Organisasies wat gespesialiseerde dienste bied aan kinders wat seksueel misbruik is, hou die volgende voordele in, naamlik:

- Dit verlig die werkslas van die welsynsorganisasies wat 'n baie breë diensveld en groot gevalleladings het,
- Dit voorkom oneffektiewe dienslewering en sekondêre seksuele misbruik en verseker die korrekte en spoedige optrede wat noodsaaklik is in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is,
- Die kans op 'n suksesvolle verhoor en skuldigbevinding van oortreders kan verhoog. 'n Organisasie wat spesialiseer in dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, kan byvoorbeeld die kind en ouers ondersteun om die saak te rapporteer, verseker dat die kind so gou as moontlik medies ondersoek word, verslae aan die hof voorsien oor die impak van die seksuele misbruik op die kind en getuig vir vonnisverswaring.

Multi-dissiplinêre samewerking is egter noodsaaklik tydens dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is. Die ondersoekbeampte moet die beweringe van seksuele misbruik ondersoek en die nodige verklarings en bewyse insamel. Die welsynsinstantie moet in sommige gevalle ondersoek instel en die kind beveilig indien dit nodig is. Die terapeut wat terapeutiese dienste lewer aan die kind wat seksueel misbruik is, moet nou saam met ander hulpbronne werk ten einde die kind se helingsproses te bevorder. Indien een van die rolspelers egter nie sy of haar verpligtinge nakom nie, kan dit die ander betrokke partye se dienslewering bemoeilik.

Die navorser wil dus aanbeveel dat een-stop-organisasies wat spesialiseer in dienslewering aan kinders wat seksueel misbruik is, landwyd geopen moet word. Die staat en groot maatskappye sal hande moet neem in die befondsing van sulke organisasies. Seksuele misbruik van kinders is 'n realiteit en kan nie geïgnoreer word nie; daar is nie grense wat klas, ras, kultuur of gemeenskap aanbetref nie.

10.6.4.2.3 Tersiêre instellings

Dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, is 'n sterk gespesialiseerde gebied. Terapeute en maatskaplike werkers wat dienste lewer aan kinders wat seksueel misbruik is, behoort oor voldoende opleiding en kennis te beskik.

Dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is, is nie korttermyn van aard nie. Die kriminele sake neem soms jare voordat dit afgehandel word. Duidelike riglyne vir die hantering van seksuele misbruiksake, terapeutiese dienslewering, assessering wanneer daar 'n vermoede van seksuele misbruik is, kennis oor wetgewing en 'n hoë standaard van optrede behoort tydens opleiding aan maatskaplike werkers oorgedra te word. Die terapeut wat dienste lewer aan die kind wat seksueel misbruik is, moet ook in staat wees om met die ander rolspelers te skakel.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat kursusse of 'n Meestersgraad by universiteite wat behels die spesialisering in hantering van kinders wat seksueel misbruik is, ingestel moet word. Sodoende kan verseker word dat maatskaplike werkers wat die veld betree oor voldoende opleiding en kennis beskik om kinders wat seksueel misbruik is, effektief te help. Daar is steeds baie areas in die veld van seksuele misbruik waarvoor verdere navorsing gedoen kan word vir vereiste van 'n Meestersgraad of 'n D.Phil-graad in Maatskaplike Werk.

10.6.4.3 Aanbevelings op makrovlak

Die navorser sal vervolgens fokus op die bydrae wat die staat kan lewer ten einde die probleem van seksuele misbruik, aan te spreek en ook fokus op wetgewing.

10.6.4.3.1 Die staat

Die navorser ervaar baie keer 'n gevoel van magteloosheid in praktyk in gevalle waar die beweerde oortreder die kind se biologiese vader of stiefvader is, en die moeder van die kind ten spyte van die kind se onthulling nie die kind glo nie, nie 'n saak aanhangig wil maak nie, die seksuele misbruik minimaliseer, die beweerde oortreder terugneem of die kind intimideer om nie verdere onthullings te maak of by terapie in te skakel nie.

Die navorser is nie onsimpatiek teenoor die moeders van slagoffers van seksuele misbruik nie (wat in baie gevalle self slagoffers van seksuele misbruik was) en het begrip dat baie van die moeders finansiëel afhanklik is van die oortreders, ander kinders het wat ook versorg moet word en daarom nie 'n ander uitweg sien as om die

oortreder terug te neem en te beskerm teen die aantygings nie. Die moeder se finansiële afhanklikheid van die oortreder verhoog ook die gevaar dat die moeder selfs in gevalle waarin sy bewus is dat die kind seksueel misbruik word deur haar biologiese vader of stiefvader dit eerder sal ontken of die geheimhouding in stand sal hou, omdat sy weet dat sy andersins nie finansiël vir haar gesin sal kan sorg nie. Die navorser vind in praktyk dat dit die helingsproses van die kind wat seksueel misbruik is verder benadeel en langtermyngevolge inhou. Die reaksie van belangrike persone in die kind wat seksueel misbruik onthul het, se lewe, kan sekondêre trauma veroorsaak.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat die staat op makrovlak moet kennis dra dat daar 'n dringende behoefte is om die moeders van kinders wat seksueel misbruik is te ondersteun indien 'n kind onthul dat sy deur haar biologiese vader of stiefvader, die broodwinner, seksueel misbruik word. Die staat kan hulp voorsien op die volgende terreine:

- Voorsiening van 'n tydelike plek-van-veiligheid (alternatiewe huisvesting) vir die slagoffer en gesin,
- Finansiële hulp vir die versorging van die kinders of tydelike vryskelding van skoolfooie weens die omstandighede,
- Bemagtiging en berading vir die moeder in die hantering van die seksuele misbruiksaak, haar gevoelens van verraad en opleiding hoe om haar kind wat seksueel misbruik is, by te staan,
- Opleiding of ondersteuning om werk te bekom ten einde die moeder in staat te stel om finansiël onafhanklik te word, en
- Alternatiewe toesig vir die kinders by 'n dagsorg of na-skoolfasiliteit indien die moeder moet gaan werk.

Die navorser is van mening dat indien die staat ondersteuning en hulp vir moeders van kinders wat seksueel misbruik is, beskikbaar stel, minder van die moeders die oortreders sal beskerm ten koste van hulle kinders se welstand. Die navorser beveel daarom aan dat daar spesifiek verdere navorsing gedoen moet word oor die hoeveelheid seksueelmisbruiksake wat aangemeld word waarin die oortreder die

stiefvader of biologiese vader van die kind is, die moeder van die kind se ervaringe en hantering van die seksuele misbruiksaak en in hoeveel gevalle die kind of ander kinders steeds in gevaar is weens oneffektiewe dienslewering of 'n tekort aan hulpbronne vir die gesin. Dit is nodig dat navorsing in die gebied gedoen word ten einde die staat bewus te maak van behoeftes en probleme wat maatskaplike werkers in praktyk ervaar.

Soos reeds bespreek is, kan die staat en groot maatskappye een-stop-organisasies wat gespesialiseerde dienste aan kinders wat seksueel misbruik is, help befonds.

10.6.4.3.2 Wetgewing

Volgens wetgewing kan enige vrou (ongeaag haar ouderdom) 'n wettige aborsie vir 'n ongewensde swangerskap verkry ooreenkomstig die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996). Nie-voorskriftelike berading moet voor en na die beëindiging van swangerskap voorsien word. Toestemming van 'n ouer of lewensmaat word nie vereis nie. Vroue word aangeraai om eerder veilige, wettige aborsies te ondergaan as "agterstraat-aborsies" wat hul gesondheid en hul lewens in gevaar kan stel.

Die meeste seksuele misdade in die Suid-Afrikaanse Reg is gemeenregtelik van oorsprong. Die afwesigheid van toestemming vorm die wese van die misdaad verkragting. Daar is 'n onweerlegbare bevinding dat 'n meisie onder die ouderdom van twaalf jaar nie tot geslagsgemeenskap kan toestem nie. Selfs al sou die kind "toegestem" het, is dit verkragting. 'n Beskuldigde moet wel weet dat sy jonger as twaalf jaar is of hy moet ten minste die moontlikheid daarvan voorsien. 'n Probleemsituasie ontstaan waar 'n meisie ouer as twaalf is, maar die mentaliteit van, byvoorbeeld, 'n agtjaarkind het.

Kinders mag vanaf 14jarige ouderdom voorbehoedmiddels by 'n kliniek kry. Die ouderdom waarop toestemming in Suid-Afrika tot seksuele daade volgens wet verleen kan word, is sestien jaar ten opsigte van heteroseksuele geslagsgemeenskap en negentien jaar ten opsigte van homoseksuele of lesbiese aktiwiteite. Indien die meisie tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar is, is dit wenslik om 'n oortreding van

artikel 14(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe in die alternatief tot 'n aanklag van verkragting te stel. Hierdie misdaad is in elk geval ingevolge artikel 261 van die Strafproseswet 'n bevoegde uitspraak op 'n aanklag van verkragting sowel as onsedelike aanranding.

Die beskikbaarstelling van voorbehoedmiddels en kondome aan 14 jarige kinders is moontlik 'n poging om MIV/ VIGS en swangerskap te bekamp. Die vraag ontstaan egter in diè geval of die boodskap nie aan kinders oorgedra word dat hulle seksueel aktief mag wees nie, want hulle mag die voorbehoedmiddels kry en indien hulle swanger word, mag hulle ook vir 'n aborsie gaan sonder hulle ouers se medewete. In werklikheid is onthouding die beste voorbehoedmiddel teen MIV/VIGS en swangerskap en kan kinders nie voor sestienjarige ouderdom toestemming tot seksuele daade verleen nie.

Volgens artikel 42 van die Wet of Kindersorg 74 van 1983 moet 'n maatskaplike werker wat vermoed dat 'n kind mishandel is of aan enige besering, enkelvoudig of veelvoudig, ly, waarvan die oorsaak waarskynlik opsetlik mag wees, die Direkteur-Generaal of enige beampte deur hom of haar aangewys vir die doeleindes van hierdie artikel, onmiddellik van daardie omstandighede in kennis stel. Die vraag ontstaan of 'n twaalfjarige kind wat swanger is en die swangerskap wil laat beëindig volgens die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996), eerder 'n "agterstraat-aborsie" sal laat doen indien sy bewus is daarvan dat die maatskaplike werker weens haar ouderdom verplig is om dit aan te meld en dat haar ouers daarvan kan uitvind in die proses.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde wetgewings nie mekaar komplimenteer nie. Volgens die navorser is daar 'n teenstrydigheid weens die feit dat 'n kind van enige ouderdom volgens die Beëindiging van Swangerskap (Wet 92 van 1996), 'n aborsie mag ondergaan sonder haar ouers se medewete, maar aan die ander kant word geslagsgemeenskap met 'n meisie jonger as twaalf jaar, al sou sy "toegestem" het, gesien as verkragting. Indien die meisie tussen die ouderdom van twaalf en sestien jaar is, kan sy nie ingeligte toestemming vir geslagsomgange gee nie en is dit 'n oortreding van artikel 14(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe.

Die konflikterende wetgewing laat maatskaplike werker in praktyk verward oor hulle professionele plig en kan veroorsaak dat maatskaplike werkers by die Raad van Maatskaplike Werk aangegee word indien hulle nie korrek optree nie. Die navorser wil dus aanbeveel dat die staat spesifieke riglyne aan maatskaplike werker moet voorsien dienooreenkomstig die wetgewing, want op hierdie stadium is die navorser van mening dat konflikterende wetgewing maatskaplike werkers en kliente verward laat.

10.6.4.3.3 Die kriminele geregsisteem

Daar is probleme wat die kriminele geregsisteem in Suid-Afrika aanbetref wat kan aanleiding gee tot sekondêre trauma by die kind wat seksueel misbruik is. Die navorser gaan nie nou al die probleme breedvoerig bespreek nie, maar verwys eerder na 'n boek van Müller & Holleley: "Introducing the Child Witness," wat die impak van die geregsisteem op kinders en probleme wat kinders ervaar wanneer hulle moet getuig, volledig bespreek. Die navorser sal vervolgens net 'n paar probleme uitlig wat tot sekondêre trauma kan aanleiding gee:

- Hofsake word telkens uitgestel en kinders gaan verskeie kere na die hof, net om te verneem dat die saak weer uitgestel gaan word om verskeie redes. Dit gee daartoe aanleiding dat die ouers oorweeg om die sake terug te trek, want hulle kan nie die spanning en impak op die kind voor elke hofdatum meer verduur nie. Hofsake wat telkens uitgestel word en jare neem om afgehandel te word, strem die kind se helingsproses.
- Die kind wat seksueel misbruik is, word deur verskeie persone ondervra: die ondersoekbeampte, die maatskaplike werker, die terapeut, die dokter, die staatsaanklaer en familie. Dit kan sekondêre trauma veroorsaak en verhoog die moontlikheid van kontaminasie.

Die navorser wil daarom aanbeveel dat die terapeut wat terapeutiese dienste aan die kind wat seksueel misbruik is, lewer, kennis moet dra van die probleme wat kinders ervaar wanneer hulle moet getuig in 'n kriminele saak asook oor voldoende kennis

moet beskik oor die kriminele proses ten einde nie onrealistiese verwagtinge by die kind te skep nie, maar wel die kind met die regte inligting te voorsien.

10.6.5 Aanbevelings vir verdere navorsing

Die navorser sal vervolgens opsommend moontlike navorsingsstudies aanbeveel:

- Ontwikkeling van bewuswordingsprogramme vir Xhosa-gemeenskappe oor seksuele misbruik, die voorkoming van seksuele misbruik en die voordeel van terapeutiese dienslewering aan die kind wat seksueel misbruik is. Die volwassenes en kinders moet daarby betrek word.
- 'n Verkennende ondersoek na die redes waarom so min van die Xhosa-kindere wat seksueel misbruik word, se kriminele sake tot verhoor vorder en aanbevelings om dit aan te spreek, is volgens die navorser 'n waardevolle navorsingstudie.
- Ondersoek na die beskikbaarheid van maatskaplike dienste asook terapeutiese dienste in die Oos-Kaap, aangesien so baie van die kindere wat seksueel misbruik word in die Helderberg na uitgebreide familie in die Oos-Kaap gestuur word.
- Indieptenavorsing oor Xhosa-adolesente se trauma-dinamikatellings na afloop van seksuele misbruik met baie Xhosa-respondente om 'n waarheidsgetroue beeld weer te gee en of daar enige verwantskap tussen die binding van die Xhosa-adolesent met haar primêre versorgers en haar traumatelling is.
- Navorsing in Xhosa, Kleurling en blanke gemeenskappe oor die voorkoms van seksuele misbruik, die hantering van seksuele misbruik deur die verskillende kultuurgroepe (saak word gerapporteer of nie, saak word teruggetrek of nie, vergaderings tussen oortreder en slagoffers se familie of nie), verwantskap tussen die oortreders en slagoffers (vreemdelinge, familieledede of bloedskande) en sodoende kan behoeftes asook leemtes in verskillende kulture geïdentifiseer word en terapeutiese dienslewering en intervensieprogramme vir kindere wat seksueel misbruik is op mikrovlak, kan daarvolgens aangepas word.

- Verdere navorsing spesifiek oor die “gereedmakingsproses” wat oortreders gebruik om geleidelik die kind se vertroue te wen en dan seksueel te misbruik, ten einde ‘n voorkomingsprogram vir ouers en kinders te ontwikkel.
- Navorsing oor onthullings (fisiese, emosionele of seksuele mishandeling) wat kinders by skole maak en die behoefte aan maatskaplike werkers by skole kan lig werp op hierdie behoefte.
- Ondersoek na die hoeveelheid seksueelmisbruiksake wat aangemeld word waarin die oortreder die stiefpa of biologiese pa van die kind is, die moeder van die kind se ervaringe en hantering van die seksuele misbruiksaak en in hoeveel gevalle die kind of ander kinders steeds in gevaar is weens oneffektiewe dienslewering of ‘n tekort aan hulpbronne vir die gesin.
- Kursusse of ‘n Meestersgraad by Universiteite wat behels die spesialisering in hantering van kinders wat seksueel misbruik is, moet by universiteite ingestel word. Sodoende kan verseker word dat maatskaplike werkers wat die veld betree oor voldoende opleiding en kennis beskik om kinders wat seksueel misbruik is, effektief te help.
- Navorsing ten einde spesifieke riglyne aan maatskaplike werkers te voorsien dienooreenkomstig die wetgewing, waartoe hulle professioneel verplig word en die reg tot privaatheid en konfidensialiteit van kliënte.
- Verdere navorsing ten einde ‘n terapeutieseprogram vir die adolessent wat seksueel misbruik is se ouer(s) of versorger(s) te ontwikkel sal van waarde wees in praktyk. Die ouer(s) of versorger(s) moet die adolessent na terminering van terapie verder ondersteun en daarom is dit belangrik dat hulle nie self nog met aspekte worstel weens die seksuele misbruik van die adolessent nie.

10.7 Samevattende slotgedagte

Een komplikasie vir die beplanning van terapie met die adolessent wat seksueel misbruik is, is dat die gevolge van die seksuele misbruik wyd varieer. Dit is daarom noodsaak dat die terapeut moet begin met ‘n begrip vir die impak van die seksuele misbruik op die individuele kind ten einde ‘n effektiewe terapeutiese intervensie te struktureer. Om met die adolessent wat seksueel misbruik is te werk, verg tyd aangesien die adolessent wat seksueel misbruik is bykomende ontwikkelingstake het

weens die impak van die seksuele misbruik op die adolessent se funksionering. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik fisiese, kognitiewe, seksuele, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat of die ontwikkeling kan bevorder of strem.

Baie van die adolessente wat seksueel misbruik is, het egter ook ander onvoltooidhede in hulle lewens en in sulke gevalle is dit noodsaaklik dat die terapeut of self daaraan aandag moet gee of gebruik moet maak van eksterne bronne ten einde ander onvoltooidhede of voorgrondbehoefte van die adolessent aan te spreek. 'n Hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger is noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling en adolessente benodig steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklike en outonome individue te word.

Die spelterapieprogram wat die navorser vir die studie ontwikkel het, kan effektief geïmplementeer word met Xhosa, blank en Kleurling adolessente dogters wat seksueel misbruik is.